

# Wat het ons?



## SEKULARISASIE

- Die verkleinde wereld met wetenskapsinpak
  - Individualisme
- Waarheidsaansprake en individualisme

## **Bronteks (kanon) van die Christendom**

**Kanon:** die norm vir die boodskap van die kerk. Die bron vir wat ons glo

- \* Die proses het van vroeg af al deur die hele kerk begin.
- \* Met die Christendom wat in begin 4e eeu wettige godsdiens word, is daar gevra waarin mense moet glo. Die bronne moes toe in die openbaar verklaar word.

**Kriteria** vir vasstel van kanon:

- Tradisionaliteit (hoe lank terug?)
- Apostolisiteit (wie't geskryf)
- Ortodoksie (Regula fidei)
- Katolisiteit (hoe algemeen)

Van die vroegste tye af:

\* Johannes 20:30-31

28En Tomas sê vir Hom: “My Here en my God!”


29Toe sê Jesus vir hom: “Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.”

30Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. 31Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê

2 Pet 3:15 En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word. So het ons geliefde broer Paulus immers ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskrywe. 16 Hy skryf dit ook in al sy briewe waarin hy oor hierdie saak handel. Daar is dinge in sy briewe wat moeilik is om te verstaan. Oningeligte en onstandvastige mense gee daaraan 'n verkeerde uitleg, soos hulle trouens ook doen met die res van die Skrif, en dit tot hulle eie ondergang.

17 Geliefdes, julle weet dit nou vooruit. Wees dus op julle hoede dat julle nie meegesleep word deur die dwaling van begeinselose mense en so van julle eie standvastigheid beroof word nie. 18 Sorg daaren teen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

**Polikarpus aan Filippense 13:1.** Beide julle en Ignatius het aan my geskryf dat as enigeen na Sirië toe gaan hy julle brief saam met hom moet vat. Ek sal aan die versoek aandag gee sodra die regte geleentheid hom voordoen – of persoonlik of deur 'n verteenwoordiger wat aan julle versoek kan voldoen. 2. Die brief van Ignatius wat hy vir ons geskryf het en al die ander (van sy briewe) wat ons hier by ons het, stuur ons aan julle, soos julle gevra het. Hulle word by hierdie brief ingesluit en julle sal groot voordeel daaruit trek. Hulle praat van geloof en geduld en al die dinge wat ons in onse Here geestelik laat groei en ryker maak. Wees asseblief so gaaf om enige ander inligting wat julle oor Ignatius self of oor die wat saam met hom was tot julle beskikking het, vir ons aan te stuur



SKRIFGEBRUIK EN SKRIFGESAG  
die  
VRAAG

Moet ons die Bybel gebruik en waarom?

- KERNVRAAG: Wat sê ek is die Bybel vir my?

- A) God se woord
- B) God se woord in mensetaal

-----

- C) Mensewoorde oor God
- D) Mensewoorde

**Konsekwensies van besluit is bepalend**

### **A) Gods woord:**

- \* Dit is God self wat deur die Woord van God praat.
- \* Daar is nie foute in die Bybel nie en dit moet verstaan en toegepas word soos wat dit daar staan.
- \* Tekste word normatief aangewend.
- \* Die woord fundamentalisme word ook dikwels van hierdie toepassing van die Bybel gebruik.



Die gesag van die Bybel staan absoluut en die Bybel word direk as gesagvol toegepas.



**B) God's woord in mensetaal:** Bybel word eksegeties (“krities”) geles met die oortuiging dat daar ’n fundamentele boodskap in die Bybel is wat as gesagvol erken en toegepas kan word. God praat in die Bybel hoewel in kulturele en sosiale beperking van die mens wat eksegeties onderskei moet word. Dit gaan dus nie net om die aanhaal van tekste nie, maar oor die trek van tendense.



Die gesag van die Bybel staan absoluut, maar binne die raamwerk van die onderskeiding van die “goddelike waarhede” en die kommunikatiewe (menslike) raamwerk waarbinne die “goddelike waarhede” aangebied word. Beperkte beheer word oor die goddelike boodskap geneem in die sin dat dit uit die teks “geabstraheer” word, maar die resultaat word as gesagvol gesien en geïnterpreteer.

**C) Mensewoorde oor God:** Die Bybel word eksegeties (“krities”) gelees, maar vanuit die standpunt dat dit net mense se verhale oor hulle ervarings van God is. Dit is dus nie God wat praat nie, maar mense wat beskryf wat hulle oor God ervaar. Hulle kon foute gemaak het en het mekaar teëgespreek, wat beteken dat die Bybel ook so gelees moet word – die Bybel moet aan konstante evaluasie en kritiek onderwerp word. Sekere dinge soos slawerny of die rol van die vrou, of... of.. kan ons nie meer aanvaar nie en dus word daardie dele met behulp van ons kritiese interpretasie gerelativeer of genegeer of gekritiseer, maar nie nagevolg nie.



Die Bybel het gesag, maar is beperk en is nie absoluut nie. Die gesag bestaan in die erkenning dat ons van die vroegste Christene kan leer, soos ’n jonger broer van ’n ouer broer kan leer. Maar ons hoef nie noodwendig die ouer broer se leiding te aanvaar nie, veral nie as ons dink dat ons nie daarmee saamstem nie. Dit is inderdaad mos maar net ander mense se getuienis oor hulle ervaring met God. Ek kan mos my eie ervaring oor God ook hê wat in kritiese spanning met die eerste ervarings staan. Volle beheer word oor die boodskap geneem en daar word implisiet op grond van eie norme besluit wat word aanvaar en wat nie.

**D) Mense alleen:** Die Bybel is een van die baie antieke boeke wat toevallig deur sekere groepe in die antieke tyd gelees is. Tog was daar baie ander “tekste” (mondeling en skriftelik) wat vir ons baie van die geskiedenis van die antieke tyd kan vertel. Die Bybel is net deel (en maar ’n klein deel) van al hierdie antieke dokumente.



Die Bybel het nie besondere gesag nie, maar is deel van die groter literatuurskat waaruit ons meer van die geskiedenis van die antieke tyd kan leer. Die Bybel is dus religieus-histories interessant, maar dra nie verdere gesag nie.

## Die SKRIF as KANON: wat is op die spel?

### Gereformeerde Skrifbeskouing = Skrif alleen

- Die kerk rus op die Skrif. As die Skrif padgee, gee die kerk pad
- Waarop rus 'n mens se godsdiens as die Skrif weg is?
  - Roomse kerk het tradisie o.g.v. Skrif
  - Protestante het ??

